**Maandag 19 Februarie**

| **Skrifgedeelte: Hosea 9:10-17** | **Fokusgedeelte: Hosea 9:17** |
|---|---|

# Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val!

Die Here se volk was baie besonders in sy eie oë. Hulle was vir Hom soos druiwe wat jou in die woestyn verkwik. Hulle het soveel potensiaal gehad en soveel belofte ingehou. Maar hulle het die Here diep teleurgestel en hulle toevlug tot afgode geneem. Daarom het hulle in die oë van die Here afstootlik geword (:10). Hy is immers ’n heilige God wat sonde haat. Daarom spreek Hy verskriklike oordele oor die volk uit en jaag hulle uit sy huis weg, en sê dat Hy hulle nie meer liefhet nie (:11-16). Hy het hulle verwerp (:17).

Hierdie heilige toorn van God oor die volk wat in sonde volhard, herinner ons aan Hebreërs 10:31: “Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val.” Hy is ’n heilige God wat sonde haat. Daarom veroordeel Hy volhardende sondaars.

Sy oordeel hef egter nie sy genade op nie. In 11:8 sê die Here dat Hy dit nie oor sy hart kan kry om sy volk vir ewig te verdoem nie: “My liefde brand te sterk!”

Ja, dit is verskriklik om die hand van die lewende God te val, maar in sy groot genade en uit liefde vir ons het God sy Seun Jesus Christus in ons plek in sy hand laat val! Hy het Hom in ons plek veroordeel en Hy het vir ons versoening gedoen. Daarom kan ons nou onder leiding van sy Gees ons potensiaal as volk van God verwesenlik en vir God soos druiwe in die woestyn wees!

*Sing: Psalm 128:1, 2 (1936)*

*Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*